DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

SKOOL

...ons trots



...van pouse tot piekniek!

ons skool

Die Hoërskool Menlopark is een van Suid-Afrika se topskole, bekend vir uitnemendheid op vele terreine. Puik onderwysers en 'n heerlike skoolgees vind neerslag in ons spontane credo: "*Absolut Menlo*". Ons skool se sukses is in ons saamstaan as eenheid en ons strewe na die hoogste waardes, gewortel.

Die Hoërskool Menlopark is 'n skool met eietydse tradisies, waarbinne Menlo-manne en Menlo-meisies in volkome gemak lángs mekaar en nie ín mekaar se skaduwee nie, ontwikkel en blom. Blom, juis omdat ***Die Hoërskool Menlopark*** elke leerder, in ag genome ook elkeen se unieke persoonlikheid, tydens 5 jaar se ononderhandelbare akademiese toewyding, 'n groot verskeidenheid wyduiteenlopende ontwikkelingsgeleenthede bied (met genoeg ruimte vir gesonde pret en plesier).

Na meer as 48 jaar is en bly een van die skool se besondere kenmerke sy "gesin"-struktuur. Warmte, meelewing en die absolute saamstaan op alle gebiede, bind die skool tot 'n hegte gesin waarin elke leerder die geleentheid gebied word om sy potensiaal maksimaal te ontwikkel.

Bewese prestasies op alle terreine - akademie, sport, kultuur en leierskap - het geen verdere bekendstelling nodig nie, nóg in Pretoria en onmiddellike omgewing, nóg waar jonk en oud hulle landswyd in gerekende en gerespekteerde geselskap bevind. Die Menlo-familie se besondere hoogtes (ons leuse is nie verniet *Excelsa Petamus*, streef die hoogste waardes na nie) is geanker in Christelik gefundeerde onderrig binne 'n raamwerk van selfdissipline en ononderhandelbare waardes van integriteit, lojaliteit, respek en ywer.

Visie gebaseer op waardes

Integriteit | lojaliteit | respek | ywer

Die Hoërskool Menlopark is gebou op stewige boublokke na volwassewording:

- ***Die Hoërskool Menlopark*** is 'n skool vir gewone kinders met wie daar op 'n ongewone manier gewerk word om hulle buitengewone hoogtes te laat bereik.
- Ons is 'n skool wat 'n besonder wye verskeidenheid geleenthede aan betrokke en entoesiastiese leerders wat kanse wil aangryp en vasgryp om sy/haar maksimumpotensiaal te bereik, bied.
- Ons ontwikkel leerders met 'n positiewe werksetiek wat gemaklik die eise van 'n veranderende samelewing kan hanteer en bestuur.
- Ons bied en ontwikkel geleentheid tot geestelike groei.
- Menlo-manne en Menlo-meisies begeester mekaar om groot te droom en saam hard te werk om elke droom vlerke te gee.
- Menlo-dissipline skep 'n vangnet vir elkeen om veilig en met selfdissipline tot onafhanklikheid te ontwikkel.
- Ons kweek entoesiasties analitiese en laterale denke om probleemoplossing as uitkoms te handhaaf.
- Ons is kreatief en innoverend.
- Ons dink en doen graag met unieke styl en met absolute passie en lojaliteit.
- Ons kweek deurlopend toewyding en die passie vir uitnemendheid op elke terrein sonder om entoesiasme en die genot van deelname prys te gee.
- Betrokkenheid en saamstaan tydens wen én verloor is een van ons goue rëels.
- Ons is 'n skool wat graag onuitwisbare vingerdrukke laat waar ons optree en betrokke is, wat van ontwikkeling getuig en in waardes geanker is. Ons neem nie suksesse kop toe nie, maar ook nie teleurstellings hart toe nie. Ons stel met elke geleentheid 'n nuwe doelwit en pyl waardegedrewe daarop af!
- Menlo bied die forum vir elkeen om nasionaal en internasionaal te kan deelneem en te kan presteer.

akademie

...ons leef ons daarin



akademie

Menlo-onderwysers bring innovering na die klaskamer en stimuleer kreatiwiteit en laterale denke. Dit maak leer uniek en opwindend.

- Menlo-klasse is met dataprojektors en internettoegang wat die jongste ontwikkelings in elke vak in ‘n oogwink op die skerm oproep, toegerus. Dit lei tot klas- en projekaanbiedinge wat Parkies na die hoogste vlak van akademiese verryking, nóg ‘n ononderhandelbare Menlo-tradisie, voer.

- Ons onderwysers is voorlopers en ontwikkel in baie leerareas hulle eie leermateriaal en handleidings. Hierdie uitdagende houding jeens akademie werk aansteeklik op die Parkies se akademiese ingesteldheid in - vandaar ook die uitsonderlike akademiese prestasies. Die personeelkorps, wat ons skool se trots is, se reikwydte strek dikwels ook verder as die grense van die klaskamer – talle onderwysers en hul werk geniet landswyd, en ook op tersiêre vlak, erkenning.

- By ***Die Hoërskool Menlopark*** fokus ons in belang van ons leerders op die indril van basiese vaardighede (lees-, skryf- en syfervaardigheid). Ons skitter akademies modern, maar anker ons suksesse in die waardevolle tegnieke van vroeër. Ons berei ons leerders voor om met selfvertroue die pad ná skool op die hoogste akademiese niveau te stap - hetsy by nasionale of internasionale universiteite.

  Hiervan getuig, oor die afgelope ses jaar:
  - ‘n 100%-slaagsyfer as jaarlikse doelwit
  - Leerders gereeld onder die top 10 provinsiale presteerders (2010 se Menlo-toppresteerder eindig 2de in Gauteng)
  - Jaarliks een van die top 3 akademiese skole in Gauteng (in die groep skole met meer as 200 gr. 12-leerders)
  - 790 A-simbole in 2010
  - 88% gr. 12-leerders slaag gr. 12 met graadvrystelling.

  - Die Menlo-Wiskundedepartement
    - is reeds, sedert die daarstelling daarvan, deel van die Nasionale Onderwysdepartement se elite Klub 100 (een van 7 skole in Gauteng en slegs 14 in Suid-Afrika).
    - se toppresteerder in die distrik in gr. 12 is (in 2008 en 2010) ’n Parkie en het 100% behaal.
    - skitter ook jaarliks met prestasies in die Wiskunde-olimpiade.

  - Die Menlo-Wetenskapdepartement
    - het jaar na jaar nasionale - en streekswenners in Natuurwetenskap- expo’s.
    - beïndruk met massadeelname aan en nasionale prestasie in die Natuurwetenskap-olimpiade en Algemene Wetenskap-olimpiade en Bio Science-olimpiade.
    - wys jaarliks ‘n SUDOKU-koning aan.
    - neem jaarliks aan die Tegnologie-olimpiade deel (toekenning vir die mees innoverende projek, 2009) en 3 van 15 nasionale spanne wat na die nasionale expo deurdring, kom van ons Menlo-wetenskap-departement.

  - Die Menlo-Taledepartemente
    - presteer eweneens, danksy massadeelname, met provinsiale en nasionale toppresteerders in die jaarlikse Nasionale Afrikaans-olimpiade.
    - tree jaar na jaar as een van die wenskole in die Afrikaans-ekspo na vore met jaarliks meer as een nasionale wenner in van die onderskeie kategorieë.
    - het gereeld leerders onder die nasionale English Olympiad se top 10 nasionale presteerders.
    - word ook verryk met ‘n Duitse departement. Menlopark skitter reeds byna ‘n dekade as die nasionale topuitruilskool na Duitsland.
    - se Franse leerders skryf die internasionale Delft-eksamen met groot sukses en toer elke 2de jaar na Frankryk.
    - lewer skitterprestasies in die jaarlikse Taalbond-eksamen.

  - Menlo-rekeningkundedepartement
    - kon met trots aankondig dat 2010 se nasionale SAIPA Rekeningkungde-olimpiadewenner ‘n Parkie is. Hy het in die landswye finaal 100% in die finale vraestel behaal en pryse ter waarde van R80 000 ontvang.

...aksie-belaaide lesse!

Die onderwysers by ***Die Hoërskool Menlopark*** werk doelgerig en gemotiveerd. Die akademiese toewyding en suksesse het die volgende wegspringblokke:

- Verryking in elke vak wat ononderhandelbaar is, asook 'n verrykingsakademie wat die kurrikulum na-uurs verder met interessante temas uitbrei
- Engels Huistaalonderrig vanaf graad 8
- Interne Wetenskapweek met kompetisies vir brugbou, vlieërbou, lugballon, vuurpylbou, vasvra, sudoku en gala-aand met gaspreker
- Interne Wiskunde-week met π-dag
- Die leeslaboratorium (verpligte gerekenariseerde gr. 8- en gr. 9- leesprogram in die klasrooster ingebou)
- Die taallaboratorium met 40 oorfone en luisterstasies vir blootstelling aan die gesproke dialek van die land/area
- Alle klaskamers toegerus met dataprojektors en enkele klasse ook met interaktiewe witborde
- Internettoegang in elke klas
- 3 rekenaarsentrums
- 'n Restaurant met weeklikse restaurantaande
- Jaarlikse Duitse uitruilprogramme en Franse toere elke tweede jaar
- 5 verrykingsvakke vir gr. 8
  - Slegs EEN word gekies uit: Duits, Frans, Musiek, Entrepreneuriese Wetenskappe en Sportkunde met 'n keuse tussen netbal, hokkie (dogters en seuns), rugby of krieket

'n Vakkeuse vir gr. 10-12, kan naas Afrikaans Huistaal, English Additional Language (Engels tweede taal) of English Home Language (Engels moedertaal), Lewensoriëntering en Wiskunde of Wiskundige geletterdheid, uit drie of meer van enige van die volgende vakke saamgestel word:

- Duits (IEB)
- Frans (IEB)
- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Ekonomie
- Geografie
- Geskiedenis
- Rekenaartoepassingstegnologie
- Informasietegnologie
- Kuns: Ontwerp (buitemuurs)
- Toerisme
- Dramatiese Kuns
- Visuele Kunste
- Musiek
- Gasvryheidstudies
- Ingenieursgrafika en Ontwerp
- Meganiese Tegnologie
- Fisiese Wetenskap
- Lewenswetenskappe
- Alpha-wiskunde (buitemuurs)
- Wiskunde III (buitemuurs)

Die uitgeligte vakke dui die besonder wye kurrikulum wat die skool aanbied, aan. Duits en Frans volg die Independent Examination Board-kurrikulum en lê ook dié eksamen af. Let daarop dat Duits, Frans en Musiek vanaf gr. 8-12 aangebied word en nie net as verrykingsvak in gr. 8 en 9 nie.

Die hoogste gemiddelde per vak in die distrik en in Gauteng is 'n gegewe in heelparty vakke en vakgemiddelde bo 75% is 'n groot Menlo-trots.

Akademiese verryking 'n ononderhandelbare tradisie

Leerders wat in 'n mediese rigting wil studeer, word aangemoedig om TUKKIES se kursus in mediese terminologie wat deur ACADEMIA LATINA aangebied word, as buitemuurse vak te neem.
Leerders word ook vir TUKKIES se *UP with Science* ingeskryf.

Tersiêre akademiese voortreflikheid waar oud-Parkies skitter

- Akademiese uitnemendheid van die "Goue Sleutel"
  Dié internasionaal gerekende organisasie wat 370 topuniversiteite in Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Maleisië, Suid-Afrika, Indië en Amerika insluit, is die grootste forum vir internasionale erkenning van voortreflike akademiese prestasies en potensiaal.

  Menlo-alumni skitter in dinamiese getalle op die internasionale "Golden Key"-ererol vir akademiese uitnemendheid by 'n verskeidenheid universiteite.

- Brightest Young Minds
  Ook by die "Brightest Young Minds"-organisasie wat akademiese uitnemendheid met voortreflike leierskap kombineer, is oud-Parkies met besondere toewyding en visie teenwoordig wat hulle akademiese prestasies met innovering en passie om nuut en krities te dink en probleemoplossing dinamies na te streef, kombineer.

kultur



...klassiek relevant

kultuur

- **Menlovaria-kunstefees (Weeklange kultuurfees)**
  - Redenaars en Debat
  - Leerderdebat
  - Drama
  - Dans
  - Musiek
  - Kuns
  - Gesigverfkompetisie
  - Skilder en Teken
  - Fotografie
  - Potjiekoskompetisie
  - Gala-aand met uitblinkers
  - Kunskafees in pouses

- **Menlo-koor**
  - Beeld Eisteddfod-wenner en aangewys as die beste gemengde koor vir meer as 'n dekade en in 2010 as algehele beste skoolkoor in Pretoria (2010)
  - Verskeie kere reeds nasionaal as die ATKV se beste gemengde koor aangewys
  - Internasionale prestasies in die WORLD CHOIR GAMES in Oostenryk (2008) en eindig 8ste wêreldwyd (tussen jeug-en universiteitskore)
  - Internasionale kompetisies (2010 in Bratislava)
  - Optredes saam met Laurika Rauch, Nataniël, Salon Musik en ander bekende kunstenaars
  - Kerskonsert saam met Salon Musik in die Brooklyn Teater
  - CD-opnames saam met Salon Musik

- **Menlo-redenaars**
  - Deelname aan die Pretoria Redenaarsfees en ATKV-kompetisie
  - Verskeie toekennings vir: Beste algehele junior- en seniorredenaar in Pretoria
  - Meermale toekennings vir:
    - Beste spanredenaars: Afrikaans en Engels
    - Beste tweetalige redenaars (seniors) 2007 en 2009 (Hoërskole Redenaarsfees)
    - Onvoorbereide redenaarskompetisie: A++ - sterre sonder sukkel

- **Menlo-debat**
  - Debatspanne skitter in streekskompetisies

- **Drama-Akademie in die Blou Teater**
  - Eie teater op die skoolterrein
  - Individuele sessies
  - Jaarlikse graadproduksies (gr. 8-12)
  - Musiekteater
  - Eisteddfod-deelname
  - Nasionale Eisteddfod-deelname
  - Kabaretaande in samewerking met Cuisine le Parc (ons eie restaurant)

ligte, kamera, aksie!

...uitdagend

- **EGGO DIGITAAL:**
  - Parkies skep ‘n eie informele digitale jaarblad met foto’s en videomateriaal en nuwighede
  - Die CD is vir die Parkies deur die Parkies oor die Parkies

- **Junior Stadsraad**
  - 2008 Hester Barnard - Junior burgemeester van Pretoria
  - 2009 Anika Viljoen - Junior burgemeester van Pretoria
  - 2010 Renée Barnard - Junior Onderburgemeester van Pretoria
  - 2010 Charné van Biljon - Voorsitter van die Jeugkomitee
  - 2011 André Swanepoel - Junior Onderburgemeester van Pretoria

- **Menlo-kuns**
  - Jaarliks: Reusekunsuitstalling geopen deur internasionaalgerekende kunstenaars soos Jan van der Merwe
  - Wenner van Pretoria News se Design an Ad-kompetisie (jaarlikse wenners en reeds verskeie kere ook algehele wenner)
  - Verskeie kompetisiewenners by Kinnerkunsfeeste by The Grove en Woodlands Boulevard en JIP COMIC-kompetisie
  - Verskeie toekennings by die Pretoria Eisteddfod

- **Ander woelinge op die kultuurakker**
  - Menlo-TV (Parkies skiet filmmateriaal vir aktiwiteite en vertoon tydens saalopening)
  - Fliekmosaïek
  - EGGO-skoolkoerant
  - EGGO-jaarblad
  - Voortrekkers (Hoofleierswag en Presidentsverkenners)
  - Menlo-kreatiewe skrywersgroep

ons probeer en debateer...

sport

...sien die potensiaal!



sport

Menlo-sport skep vir elke sportman en -meisie die geleentheid tot maksimale ontwikkeling van talent. Saam met hoogs gekwalifiseerde akademiehoofde (sporthoofde) met bewese sukses, word 'n Menlo-pad van vertroue, lojaliteit en absolute eenheid geloop.

- Elkeen wat 'n sportgeleentheid aangryp, word met die modernste afrigtingstegnieke ontwikkel en 'n jaarlange voorseisoen-, hoofseisoen- en afseisoengimnasiumprogram word per sportsoort in plek gekry.
- Individuele sessies saam met spesialisafrigters vorm deel van 'n gestruktureerde program per sportsoort en tussen sportsoorte. Menlo-sport vorm saam 'n eenheid waarin 'n Menlo-sportman en -meisie wat verskeie sportsoorte beoefen, in 'n Menlo-sportnetwerk geakkommodeer word om maksimumgeleenthede vir energieke meisies en manne te bied.
- Sportsoorte:
  - atletiek
  - fietsry
  - gholf
  - hokkie (seuns en dogters)
  - krieket
  - landloop
  - muurbal
  - netbal
  - perdry
  - rugby
  - skaak
  - swem
  - tennis
  - waterpolo
- Ondersteuning van mekaar in alle skoolaktiwiteite is 'n ononderhandelbare tradisie.

...iets vir almal

Onlangse prestasies en ander gebeurlikhede

- **Atletiek:** Wenners van Jakaranda Prestige Interhoër vir 10de jaar in 'n ry! Menlo-atlete skitter as SA-kampioene en neem aan die Afrikaspele en die Jeug Wêreldspele deel
- **Hokkie:** Pretoria se tophokkieskool. Wenners van St Mary's Festival (2010), drie spanne ook wenners van die Noordvaal 2010 en reeds meermale die Stadsbeker. Daar is 'n Parkie in die 2011 Junior Olimpiese oefengroep en 2 O/16-SA-spelers en 49 Noord-Gauteng-hokkiespelers (seuns en dogters)
- **Netbal:** Speler in SA-skolespan, spelers in Gauteng-spanne, wenner van topnetbaltoernooi in George, wenner van die Elite Wilde Klawer interprovinsiale toernooi, Tshwane–kampioenskappe – silwer, Gauteng-kampioenskappe – silwer, Noordvaal – goud en silwer
- **Rugby:** 34 provinsiale spelers (O/14 tot O/18); wenner van die FNB CLASH (afgelope drie jaar). 4 Menlo-rugbyspanne in die BEELD-trofee se kwartfinaal en 2 spanne in die semifinaal. Menlo-rugby eindig 2de in Pretoria in 2010 en 21ste in Suid-Afrika. 3 SA-spelers 0/19 en 2 Wêreldbeker-proefspanspelers. 0/19-Bloubulspan spog met 3 oud-Parkies en 1 O/19-Leeuspanspeler is ook 'n Parkie. In die O/21-VODACOM-span is daar 5 Bloubulspelers wat oud-Parkies is

...sport(s) - soveel pret!

- **Swem:** Vele goue medaljes by Vlak 3 Nasionale kampioenskappe; Noord-Gauteng en SA-swemmers; wen ook A-liga Interhoër vir derde jaar; derdeplek by B-liga Interhoër; lewer jaarliks Noord-Gauteng kapteine. Ryk Neethling as afrigter betrokke by Menlo. Drie Menloparkers is in Swem Suid-Afrika se Junior Nasionale Groep ingesluit vir 2011 met die oog op verdere loopbaan-ontwikkeling vir die 2016 en 2020 Olimpiese Speles

- **Tennis:** 10% van ons skool speel heeljaar tennis; voorlopige ranglys word aan die einde van die jaar reeds vir die volgende jaar bepaal; groepe oefen voor skool wat deelname aan nog aktiwiteite moontlik maak; 5 provinsiale spelers; Menlo-tennis bied jaarliks 'n eie toernooi met deelnemende skole van regoor die land aan; deelname aan Amanda Coetzer-uitnodigingstoernooi; naaswenner Boland Landbou 0/15-tennistoernooi; wenners 0/15-Menlo MixIt, gemengde tennistoernooi by Sun City; ekstra oefengroepe in aande onder spreiligte

- **Muurbal:** Een van die gerekende muurbalskole in Suid-Afrika met verskeie top 10 SA-spelers. Menlo-manne is 2011 se Top Schools-kampioene

- **Krieket:** Wenners van die nasionale Pro 20-kompetisie in 2010. O/15 en 1ste XI-tal is A-bondwenners 2008 en 2009.
  Jaarlikse krieketuitruilprogram na Engeland waarin 2 tot 3 Parkies die geleentheid kry om vir 2 maande lank klubkrieket te speel. Ons lewer in 2010 8 provinsiale spelers op. Regardt Verster haal in 2011 die SA O/19-span wat na Engeland toer. 36 krieketspelers toer in 2011 na Engeland en Skotland op 'n krieketekskursie

- **Fietsry:** Fietsryers by Wêreldkampioenskappe, 'n Parkie is bergfiets- en baanfietskampioen

- **Skaak:** 2010 Nasionale Topskole beste dogterskaakspan en die besonderse prestasie om 3 leerders uit een skool te hê wat na die SA Junior Geslote toernooi uitgenooi word ('n uitnodigingsbyeenkoms waarheen net die top 10 seuns en top 10 dogters in Suid-Afrika in elke ouderdomsgroep uitgenooi word). 2 Parkies is in 2011 in die SA Junior Skaakspan ingesluit

- **Perdesport:** Gauteng-kampioene 2009 en 2010.

Klinieke en toere vind jaarliks nasionaal en internasionaal plaas. In 2011 toer Menlo-hokkie na Nederland

...ons neem deel

...ons ondersteun

rhema

...ander perspektief



menlo-kampus

ons kyk verby die ooglopende...

Ons Menlo-kampus bied aan

- Ouditorium met lugreëling en moderne oudiovisuele apparaat
- Saal met dataprojektor
- Mediasentrum toegerus met internettoegang
- Musiekakademie met klankdigte oefenkamers
- 3 IT-sentrums
- Gerekenariseerde leeslaboratorium
- Taallaboratorium met 40 luisterstasies
- 7 goedtoegeruste Wetenskaplaboratoriums (vir Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe)
- Klaskamers met interaktiewe witborde, internettoegang en dataprojektors
- Ten volle toegeruste gimnasium met geallokeerde gimnasiumtye vir alle sportsoorte in oorleg met ons fiksheidinstrukteurs
- 4 muurbalbane
- 50m verhitte Olimpiesestandaardswembad (met afrigting deur Ryk Neethling)
- Atletiekbaan en pawiljoen vir 6000 toeskouers
- Spreiligte op alle sportvelde
- Klubhuise vir tennis, rugby, hokkie, netbal en krieket
- Oudiovisuele ontledingslokale
- Rugby- en krieketvelde
- Binnenshuise krieketnette
- Sportwinkel vir tennis-, krieket- en hokkietoerusting
- Sport- en rehabilitasiesentrum met fisioterapeut en fiksheidsdeskundige (ook oop vir publiek)
- Twee hoëkwaliteit fyngrashokkievelde
- Menlo-koshuis op die terrein

absolut koshuislewe

Die Menlo-koshuis is in die hart van die skool geleë en bied 'n tuiste vir gemotiveerde presterende leerders wat van die wye verskeidenheid geleenthede wat die skool bied, gebruik wil maak. Hierdie koshuis ondersteun in elke opsig die skool se strewe na uitnemendheid en is in die Menlo-waardes van integriteit, lojaliteit, respek en ywer gewortel.

- Koshuisinwoning maak voorsiening vir 36 seuns en 36 meisies van graad 8 tot graad 12.
- Die bestuur van die koshuis word deur 'n koshuisraad hanteer, wat uit 'n ervare koshuisvader en nog vier diensdoenende onderwysers bestaan, almal ook aan die skool verbonde.

Koshuisinwoning is as gevolg van die beperkte plekke jaarliks beskikbaar onderhewig aan 'n keuringsproses. Die aansoekvorm vir keuring is op die webblad, www.menlopark.co.za, of by die skool se ontvangs beskikbaar. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir koshuisinwoning vir die volgende akademiese jaar, is jaarliks einde van die tweede kwartaal vir inwoners in Pretoria en einde van die derde kwartaal vir inwoners van buite die stadsgrense. Indien keuring suksesvol is, is die leerder se R2000 registrasiegeld binne 14 dae nadat hy/sy die keuringsaansoek ontvang het, betaalbaar om plek in die koshuis te verseker. Koshuisgelde is in 10 maandelikse paaiemente vanaf Januarie tot Oktober betaalbaar.

Hierdie Menlo-koshuis op die skoolterrein is nie 'n gewone skoolkoshuis nie, dis 'n hegte Menlo-gesin wat die geleentheid aan gemotiveerde, energieke en deelnemende leerders bied vir maksimale betrokkenheid by die skool se aktiwiteite en ondersteuning van alles op die Menlo-terrein.

Alle navrae aan: info@menlopark.co.za

menlo-mal-momente

Menlo is op sy beste in aksie!

- Graad 9-kamp
- Graad 10-bal
- Parkiebal (Valentynsbal)
- Matriekafskeid
- Liefdadigheidsweek
- Jesusweek
- Beheerliggaamskild: geeskompetisie tussen grade
- Jesus is vir Ewig: CSV-aksie
- Restaurantaande
- Parkieraadkamp
- Oud-Parkies vs 1ste span-rugbywedstryd
- FNB Clash-tradisie
- Voortrekkers (Hoofleierswag en Presidentverkenners)
- Lentetee (moeders en dogters)
- Manneaand
- Matriekraadkamp
- Ons hoof verjaar!
- Vakaande (Duits en Frans)
- Interne Wêreldkennisvasvra
- MENLOFEES
- Menlo gaan GROEN

menlo-vonkelforum in suid-afrika

Die volgende Parkies het die afgelope jaar uitsonderlik op nasionale vlak presteer:

ons sien die pret in elke situasie...

Menlo-koor – beste gemengde koor in Suid-Afrika (2010)
Rikenette Steenkamp – 3 maal SA-hekkieskampioen (2010)
Stephanie Wicksell kwalifiseer vir die atletiek Wêreld Jeugspele
Inge Viljoen in die nasionale atletiekspan
Peet van der Schyff – SA-hengel
Stefan du Toit, Mireille Havenga en **Monika J van Rensburg** is SA-skaakkampioene
Jac-Johan Steyn – bergfiets, baanfiets en padfiets SA-kampioen
Alexa Pienaar – Top 10 SA-muurbalspeler
Krieket – nasionaal Standard Bank top krieketspan (Pro 20-kampioene van 2010)
Regardt Verster – krieketwêreldbekerspeler-oefengroep
Charné van Biljon – SA-hokkiespeler en in Wêreldbeker-oefengroep
Bernard van Renssen – skitter SA- pianis
Helene-Marie Guillaume se wêreldkaart een van 6 finaliste by internasionale kompetisie in Frankryk
Bryan Gray, Marcé Loubser en **Mikhal Botha** in SA SWEM se Olimpiese Spele-oefengroep

busroetes na menlo

Algemene munisipale busroetetelefoonnommer: 012-358 0221/3/4

OGGENDBUSSE

Vanaf stad via WATERKLOOF om 07:05	Naam op bus vertoon: “Murrayfield”
Vanaf EAST LYNNE (2) om 06:15	Naam op bus vertoon: “Private School”

MIDDAGBUSSE

Na Faerie Glen om 13:40	Naam op bus vertoon: “Faerie Glen”
Na Lynnwoodrif om 13:50 (vanaf stad)	Naam op bus vertoon: “Lynnwood Ridge”
Na Garsfontein (1) om 13:45 (vanaf stad)	Naam op bus vertoon: “Garsfontein (1)”
Na Eersterust om 14:05	Naam op bus vertoon: “Private (2)”
Na stad via Waterkloof Glen & Lukasrand om 14:20	Naam op bus vertoon: “Waterkloof School”
Na Garsfontein via Lynnwood Manor en Faerie Glen om 14:10	Naam op bus vertoon: “Faerie Glen”
Na Contantia Park via Waterkloof Glen om 14:10	Naam op bus vertoon: “Waterkloof”
Na Waterkloofrif om 14:10	Naam op bus vertoon: “Waterkloof Ridge”
Na Die Wilgers (Wapadrand) om 13:50 (vanaf stad)	Naam op bus vertoon: “Die Wilgers”

absolut graad 8

Gr. 8-inligtingsbrosjure vir die nuwe skooljaar (verskyn jaarliks einde Oktober)
Gr. 8-oriënteringsprogram voor die skool begin
Gr. 8-bekendstellingsaand
Gr. 8-atletiekbyeenkoms
Gr. 8-ouerbraai
Gr. 8-spanbou
Gr. 8-waterkaskenades
In Menlo-konsert (Gr. 8-konsert)
Gr. 8-inhuldiging

OPEDAG

Ons opedag is een van die Menlo-hoogtepunte. Gebruik die Rosemaryweg-ingang en parkeer op die B-rugbyveld.

- Bring die hele gesin
- 14:30 meld ouers en laerskoolleerders in die saal aan

Dis 'n moet om elkeen by Menlo te ontmoet, want by ***Die Hoërskool Menlopark*** is elkeen belangrik en is daar 'n magdom geleenthede om te ontdek. Kom voel die Menlo-energie by ons opedag en kom ontdek self hoe GEES kan GONS en GELEENTHEDE jou kan BEGEESTER!

MENLO HET NIE NET GEES NIE . . . MENLO IS DIE GEES!

Kom deel in ons opedagvrolikheid wat ons met absolute trots aanbied.

OPEDAGPROGRAM BESKIKBAAR OP:
www.menlopark.co.za
www.absolutmenlo.mobi

...ons geniet ons skool saam!

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

EXCELSA PETAMUS

www.menlopark.co.za

...ons laat nie gras onder ons voete groei nie

GVG 083 460 2976